I.

## Piet en sy Kossakkie.

Piet van oom Krisjan het, soos baie ander Boesmanlandertjies, agter die skape van sy pa groot geword. Hotnot-skaapwagters is baie skaars in die ou Boesmanland en dit is ook die rede, dat Piet, op twaalfjarige leeftyd al, met 'n trop skape die kaal grys vlaktes van die genoemde dorre streek moes deurkruis om weiveld te soek.

Toe Piet moes begin skape oppas, het sy ma, tant Kowa, eers vir hom 'n kossakkie gemaak. Sy het 'n bokkie se vel sak-geslag: die bene het sy lank uitgeslag tot amper by die kloutjies. Toe het sy dit, nadat ou Karools dit papsaf gebrei het, mooi donkerbruin gebas, goed uitgerek en die nekkie netjies toegewerk met sterk sening-gare. Toe het sy die linkerbeentjies aanmekaar gewerk en die regterbeentjies ook so. Op die manier kon Piet, as hy sy arms deur die vasgewerkte beentjies steek, sy kossakkie agter die rug abba. Op hierdie sakkie was Piet erg trots. Hy het hom ook vas verbeel, dat g'n mens skape kan oppas sonder so'n sakkie nie.

Dieselfde môre, toe ou Karools sy „duusvolk: baas Kreesjan en nooi Kobja", verlaat, vat Piet vir die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

eerste maal die trop. Die sakkie hang agter sy rug vol koue vleis en brood. In sy linkerhand dra hy sy blink-geskuurde waterkantientjie en in sy regterhand swaai hy 'n lang dun driedoring kierietjie wat dan „wol-wol, hol-wol" deur die lug maak.

Van dié dag af het die ware eentonigheid van sy lewe begin. Dit was maar altyd dieselfde: smôrens veld-toe, saans huis-toe. Die geblêr van skape, die gesangetjies van koesterliebekkies en klaas-skaapwagtertjies en die spookagtige gedruis van die egte ou Boesmanlandse warrelwinde was die enige geluide wat Piet in die veld gehoor het. So het hy, sonder te weet of te hoor wat in die ou wêreld omgaan, groot geword.

Tant Kowa het hom altyd saans geleer, eers in die blou blad A-B-C-boekie, en toe weer in die Trap-der-Jeugd, tot hy later àl die lang woorde van neë en tien sillabes kon spel soos water. Toe kry hy 'n kinderbybel en begin so hak-hak te lees: „De kind—de kind—eren weet—en daat er een Bijbel is. Dat wil zeggen een heilig boek." Met die kinderbybel het Piet langsaam maar seker aangegaan, en toe hy hom die dag deur was, koop sy pa vir hom by ou Moses Loewai 'n katkisasieboek. Toe voel Piet sommer net grootman, en nie lank daarna nie, vra hy 'n aand so skaam-skaam vir sy ma of hy nie maar kan rook nie. Sy sê sommer ja, want hy was haar enigste kind, en sy het nie graag iets kleins vir hom wil onthou nie. Toe sit hy haar aan om tog vir sy part te pleit dat oom Krisjan ook sy toestemming moet gee. Daar die ou Boesmanlander baie toegewend vir sy vrou was, het Piet gou die reg gekry om maar te rook. Van die dag af het die kalwervel-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

twaksak van die ou baie gouer leeg geraak as vantevore.

Oom Krisjan het 'n ware Afrikaner en egte Kristen vir buurman in die tyd gehad. Sy naam was Jan Nel. Sy vrou, tant Hannie, is 'n nabestaande van tant Kowa. Hulle het maar een kind, 'n meisie met die naam van Sannie.

Sannie en Piet het as kinders mekaar leer ken, en het ook baie van mekaar gehou. Sannie was maar 'n jaar jonger as Piet. Toe sy agterkom, dat Piet al rook, het sy so gou as nou vir hom 'n mooi twaksakkie van 'n klein moflammer-velletjie gemaak en present gegee. Die present het sommer vir Piet smoor verlief op Sannie gemaak, en spoedig het tant Kowa dit gesien. Sy het toe met die ander grootmense gepraat en gou-gou was die plan klaar, dat Sannie en Piet na Kenhardt moet gaan om gekatkiseer en ook aangeneem te word. Die plan was vir Piet net baie snaaks, „want hoe sal dit dan met die trop gaan?" sê hy. „As 'n ander mens nou die trop moet oppas, sal dit so nooit regkom nie, want hoe weet hy waar die beste weiveldjies en kossies is vir die skape? Ek pas hulle nou al neë jaar agtermekaar op en ek is dit nou al só gewend geraak; ook sal ek nie my ou kossakkie vir 'n ander wagter kan afstaan nie, want dit is my mame se eie handewerk, en as ek nou miskien van die dorp af kom en my sakkie het nat gereën in die veld en hard geword, dan sal ek alte vies wees."

Die redeneringe het tant Kowa op die beste manier weerlê, en hy het naderhand moes toegee, dat hy nie soos 'n heiden onaangeneem mag bly nie. Hy willig toe in om dorp-toe te gaan, maar onder die verstand-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

houding, dat hy tog maar liewers sy kossakkie kan saamvat.

Kort daarna sien ons een môre vuurvlamme by die bakoondbekke uitwarrel, want tant Kowa en tant Hannie is aan bak. By elke oond staan 'n vrou met 'n lang abiekwasstok in die hand om die vuurstompies oral rond oor die bakoond se blad te stoot, sodat die blad mooi gelyk kan warm word. Vanmôre moet lekker groot baksels boerbeskuit gebak word vir Sannie en Piet.

Die môre toe die twee donkie-karre (want perdekarre is skaars in Boesmanland) al ingespan staan, sit Piet nog by 'n ooi wat haar lam die vorige nag weggegooi het. Hy is besig om die lammetjie te laat drink.

„Kom, Piet, kom man! Kom groet die mense," roep sy pa.

„Ja-a-a," sê Piet ewe langdradig en swaarmoedig, maar wat moet dan van die stomme dingetjie word?"

Tant Kowa was verplig om te belowe dat sy self die lam sal laat suip. Toe Piet sy ma en die ander mense moes groet, word sy hart só week, dat 'n mens dit sommer aan sy ooglede kon sien, en toe sy ma hom moed inpraat, sê hy: „Ek moet nou op my een-en-twintigste jaar begin om 'n dorpnaar te word, en nou voel ek maar dat alle beginsels moeilik is."

Met Sannie was dit heel anders. Haar ma het vir haar 'n paar mooi tabberdjies gemaak, en daar sy die tabberdjies op die dorp kon dra, gee sy ook glad niks om, om 'n veertien dae op die dorp te gaan bly nie.

Die eerste wat Piet te vertel het, toe hy na die aan-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

neming tuiskom, was: „dat 'n verbrande hotnot sy kossakkie vol beskuit uit sy ‚tuishuis' gesteel het." Daaroor was hy so vererg dat hy aan die mense, wat nie met die Nagmaal dorp-toe kon gaan nie, niks van die dorpsnuus wou vertel nie. Die vernaamste wat hy daar opgemerk het, was dat die swartgoed van die dorp onbruikbaar parmantig is, en dat hulle so gesteweld en gespoord loop, dat hy maar 'n armoedige figuur op die dorp maak met sy donkerbruin ferweelbroek en swart alpakka-baadjie, wat met swart slytband by alle rande omgesoom is. Hy was ook vas beslote om nie sommer weer dorp-toe te gaan nie. Ja, so 'n enkele maal met Nagmaal sal hy darem gaan, „want," sê hy, „ek sal nooit vergeet hoe hartroerend die Meneer kan preek nie. Dis waar wat ek vir Ma sê," vervolg hy, „die aand toe ons klomp katkisante voorgestel word, kyk toe was dit darem so droewig! Elkeen van ons kry toe 'n teks, en toe sê die predikant dat die hele gemeente moet vir ons staan toesing vir: Dat des Heren zegen op ‚hen' daal, maar kyk, toe huil daar bietjie die ding mens!"

Piet was een-twee-drie maar weer agter die skape met 'n nog mooier en sagter gebreide kossakkie, as die een wat op die dorp gesteel is, maar nou was hy nog meer verlief om Sannie. Hy kon maar net nie met die woord uitkom om vir haar te vra nie. Hy het tog al sover gekom om met sy ma daaroor te praat, en sy het hom aangemoedig, maar nou hou hy hierby: „Alle beginsels is maar moeilik, en vir my is dit net die moeilikste om die begin van die vryery te maak. Net soos ek wil praat, kom 'n krop in my keel op — ek het al onrustig geword, dat ek 'n keelkwaal sal kry."

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Spoedig, egter, kom daar 'n kans, dat Piet sommer vir Sannie hardop vra om sy vrou te word, sonder dat hy daaraan dink. Dit het so gekom:

Tant Kowa was siek en so het Sannie die aand by haar kom slaap om die anderdagmôre vir tant Kowa se part te bak. Die aand help Sannie vir Piet bokke melk. Sy sakkie het hy vóór aan een van die hekpale van die bokkraal gehang. Een ou bokooi het toe aan die paal staan skuur met die kop, tot eindelik die vasgeknoopte beentjies van Piet se kossakkie agter die bok se horing inhaak. Die bok ruk haar kop op en neem die spat, kraal-in, met kossak en al. Sannie skree toe uit 'n grap: „Ek stel voor, dat die man wat nou die eerste die sakkie van die bok se kop kan vat, dit vir hom vir eie kan hou." En eensklaps gryp sy die sakkie (want die bok was die naaste aan haar kant).

„So," sê sy, „nou is dit my eie sak."

Voor sy verder kon praat, gryp Piet haar by die arm en sê: „Nee, Sannie, sonder 'n kossak kan ek nie bestaan nie, dan moet jy maar vir my ook vat."

Sannie laat haar kop sak en voel 'n warm gloed in haar gesig opstyg, maar hou die sakkie nog vas.

„Toe,toe, Sannie, nou of nooit; vat die sakkie, maar dan asseblief vir my ook, asseblief tog ou Sannetjie," smeek Piet.

'n Sagte „Ja" van Sannie se kant beslis toe die hele saak.

Vyf jaar is verby. In die Suid-ooste kant van die ou Boesmanland, tussen Kenhardt en Calvinia, lê die plaas Verdors-Kolk. Soos die naam aandui is daar 'n kolk of uitgespoelde vlei in 'n leegte. Dit het gereën en

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

die kolk is vol. Langs die kolk staan Piet se ossewa uitgespan. Sannie, sy vrou, sit op 'n plat veldstoeltjie koffie en maak. Regoor haar, aan die anderkant van die vuur, lê ou oom Krisjan en Piet op 'n springbokkleedjie. Tant Kowa het al 'n paar jaar gelede gesterf, en oom Jan Nel het die Namakwaland ingetrek. Oom Krisjan swerf nou in die Boesmanland (by sy kinders) rond. Hy is al stokoud, maar Sannie en Piet sorg vir hom baie goed en so voel hy getroos. Net één ding hinder hom en laat hom soms rustelose nagte deurbring: Dis nou al amper twee jaar dat die vreeslike Boereoorlog aan die gang is, en die ou man se hart klop warm as hy dink aan die lot van sy stamverwante in die Transvaal en Vrystaat. Dis nou al Desember van 1901, en daar is nog g'n end nie. Kommandant Maritz en ander deurkruis nou die ou Noord-westelike Provinsie.

„As Maritz moet hier kom," so redeneer oom Krisjan, „sal Piet nie bly nie, en wat moet dan van my en Sannie word hier in die eensame ou wêreld?" Met die soort gedagtes het ou Krisjan menige nag deurgebring.

Die vermoede van die ou man word bewaarheid, want na Sannie vir hulle koffie ingeskink het, hoor hulle iets dreun en hulle kyk op.

„Ja," sê Piet die eerste, „daar kom 'n klomp perderuiters. As dit Boere is, sluit ek aan vandag."

Sannie en oom Krisjan kyk mekaar aan en begin toe albei om vir Piet van die plan af te raai. Hulle is nie daarop teë dat hy ook vir sy land moet veg nie, maar oom Krisjan is al selfs te swak om een os in te span, en Sannie sit met 'n klein swak seuntjie op die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

skoot en die enigste lewendige wese, wat hulle nog het vir hulp, is die ou skaapwagter.

„Jy het tog altyd gesê alle begin is moeilik, hoekom is dit nie vir jou te moeilik om aan te sluit nie?" vra Sannie.

„Ag, hartjie," sê Piet, „die begin om te wys dat jy 'n Afrikaner is en dat jy jou geboorteland lief het, is nie moeilik nie. Dis nou tyd dat ek moet begin help. Ek sal vir die voorman vra hoelangs hy met sy manne sal trek, dan sal ek vir julle eers op 'n goeie staanplek by mense bring en dan sal ek die Boere nasit."

Sannie en oom Krisjan swyg geduldig.

Dit was 'n klompie burgers onder kommandant Maritz. Hulle het by Piet 'n bietjie kom afsaal.

Drie dae daarna staan Piet se tent langs sy wa opgeslaan op „Hou Hou", 'n plaas waar nog 'n Boer staan met sy trek.

Die Boere het vir Piet 'n goeie perd agtergelaat om hulle te volg. Toe alles in orde was, moes Sannie 'n ou verkreukelde bassakkie, die ou kossakkie van Piet, vol beskuit stop. Spoedig was dit agterop die saal vasgeknoop en na die afskeid, wat baie trane gekos het, het Piet agter „Hou Hou" se koppies verdwyn.

Dis al Juniemaand van 1902. Die vrede het al gekom, maar Piet het nog nie gekom nie. Eensaam sit Sannie by haar masien en werk. Oom Krisjan het na die swak-lammer-ooitjies toe geloop en nou sy geen ander geselskap het nie, dink sy aan haar Piet.

Dáár opeens hoor sy 'n kar en kyk by die tentdeur uit.

„O God," roep sy, en spring die deur uit. „O my

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

dierbare papa (want dit was oom Jan Nel), is dit jy of jou gees? Ag Pa bring seker vir my slegte nuus van Piet, want hulle is mos ook Namakwaland-toe hiervandaan. O, sê my tog Papa, waar is Piet?"

Swyend neem oom Jan haar in sy arms en soen haar, en toe sy opkyk en die trane oor die ou man se wange sien rol, weet sy dat Piet iets oorgekom het.

„Toe Pa, sê maar vryuit alles wat Pa weet van Piet, anders sterf ek van droefheid."

„Ag kind, wees maar getroos, Piet.... Piet.... die gewapende hotnots van Namakwaland het van ons mense vermoor, en Piet was ook by."

Die smart van Sannie en oom Jan was so diep en groot, dat dit lank geduur het voor Sannie die hele treurige geskiedenis uitgehoor het. Eers die aand na die ete het oom Jan aan oom Krisjan en Sannie verder vertel.

In Namakwaland het 'n seker „Koffie" met 'n klomp hotnots patrollie rondgery. Hy het by Mestklip eendag slaags geraak met 'n klein klompie Boere waar Piet ook by was. Daar het Piet 'n wond in sy bors gekry. Sy maters het hom toe vervoer tot by oom Jan, wat kortby op 'n ander plaas gestaan het. Op hierdie plaas is Piet toe dood.

Die nag, toe Sannie nie kon slaap nie, kry sy die gedagte dat oom Jan vir haar 'n pakkie goed gebring het, dat sy vergeet het om oop te maak.

Suutjies staan sy op, steek die kers op en maak die pakkie los.

Niemand kan haar gevoel van weemoed en smart beskryf nie, toe sy dit oopmaak en sien dat die pakkie slegs die ou bekende kossakkie van Piet bevat, met 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

potlood briefie in sy eie handskrif, vasgesteek aan die sakkie.

Met betraande gesig lees sy:

Liewe Sannie,

Ek het nie 'n ander en beter gedagtenis om vir jou van my sterfbed af te stuur, as hierdie ou kossakkie nie. Weet jy nog hoe jy aan my en die kossakkie gekom het? Ek gaan nou na ons liewe Heer, maar die sakkie stuur ek weer vir jou.

Gee hom eendag vir ons seuntjie as hy groot is.

Pa sal jou verder alles vertel. Ek kan nie meer skrywe nie; ons sal weer mekaar in die hemel sien. Groetnis vir Pa en v..........

PIET.

---

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

## II.

# Die lewe van 'n Boesmanlandse Trekker.

„Nooi Mieta, Nooi Mieta! dáár kom die kerkkarre al aan en my kleinbaas en sy bruid, hulle is héél voor! — t'kaai dan tog, t'kaai dan tog, my kleinbaas, hy is nou grootman!"

Die ou meid wat só skree is ou aia Spaas en haar ou nooi is tant Mieta, die vrou van ou oom Koos Lubbe, van Moedverloor, 'n plaas sowat ses uur te perd en reg wes van Kenhardt af.

Vir omtrent ses dae gelede is oom Koos, vier van sy bure en sy seun Jan met sy bruid na Kenhardt, om die Nagmaal by te woon en ook omdat Jan die Maandag na Nagmaal, moes „trou sy vrou", soos oom Koos dit uitdruk.

Tant Mieta het hierdie slag maar by die huis gebly, want Jan is haar enigste seun en as hy terugkom met sy nuwe skat, moet bruilof gevier word en tante wil graag meer koekies en lekker kosse op haar enigste seun se bruilof voorbring as wat die Boesmanlanders al ooit gesien het. Dus moes sy maar agterbly om baie te slag en lekker te bak. — Haar ou groot kniekom, haar „beskuittrommel" en Jan se „verjaarpresent-kis" staan dan nou ook almal volgepak met tertjies, skuinskoekies, armmanskoekies, ronde wieletjies en —

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

lekker hoog-opgeryste boerbeskuitjies. Ook het sy vier groot vet hamels laat slag. Twee van die hamels se vleis is in wors verander en die vleis van die derde is bijna alles fyn gemaal vir rondevleis of frikkedel, terwyl die vierde se vleis „getesaal" is. Dis vandag die sesde dag dat oom Koos — haar ou wederhelf — van huis af is en dis ook juis die dag waarop sy die oubaas en vir Jan met al die gaste verwag. Ou ai Spaas, die ou troue siel, het dit geweet en dus reeds van sonop af al die pad dop gehou. Sy was dan ook die eerste wat, so teen die middag, die karre sien en toe so skree soos ons gehoor het.

Toe die klomp donkie-karre vóór die deur kom, spring vyf of ses jonkmans tegelyk van 'n paar karre af en hardloop na die bruidskar en stry dat dit kraak oor die vraag: wie kom die eer toe om die bruid van die kar af te tel? Terwyl hulle nog stry, kom oom Koos daarby met die woorde: „Toe Jan, wat sit jy en jou vroutjie nou nog op die kar, klim af en ja die klomp ou jonkmans, wat te sleg is om self te trou, van jou vrou en jou kar af weg en kom groet julle moeder; kyk, hoe brand haar hart om julle te soen." 'n Skaterlag van alle kante volg op hierdie woorde, terwyl ai Spaas in die hande klap en uitroep: t'kaai dan tog, duisman-se-kind, duisman-se-kind; dis bietjie die mooiste bruid en bruidegom wat ek al ooit gesien het, t'kaai dan tog!"

Spoedig was die eettafel en koffietafel langsmekaar geplaas, in die tent, en gedek, en moes al die oudste mans eers aansit, want aan sulke trekkerstafels kan maar skaars twaalf mense aansit, al is dit ook twee tafels langs mekaar. Na die mans kom weer al die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

vrouens ('n Boesmanlandse vrou sit nooit vóór haar man aan tafel nie) en daarna kom die jong klomp, ook die bruid en bruidegom, want hulle is te eerbiedig om met die ou mense saam te eet.

Toe dit met die etery klaar was, kom almal voor die tentdeur bymekaar om die jonggetroude paar geluk te wens. Die meeste gelukwense het min of meer uit die volgende woorde bestaan: „Ek wens julle veels geluk en ek hoop dat julle lank saam sal lewe." Oom Koos, egter, was 'n man wat sy „sêding" kon sê en het dus baie langer gepraat as die ander. Die oubaas het opgestaan van sy veldstoeltjie, sy keel goed skoongemaak en toe begin: „Lenie en Jan, julle is altwee Boesmanlandse kinders en julle weet baie goed wat die lewe van die ou Boesmanlandse trekker is; julle het al bruin gebrand onder die Boesmanlandse son en julle het al self rond en bont geswerf, saam met julle ouers, oor die kaal en dor vlaktes om water en weiveld te soek; julle het al die Boesmanlandse askoek geëet en julle het al hierdie ou wêreld se geelkleiwaters en bitter waters en brak waters gedrink, met ander woorde, julle is altwee gesoute Boesmanlanders en julle weet dus goed dat julle vir julle moet klaar hou vir enkele lekker tye ja, maar ook vir swaar tye, bitter teleurstellinge, harde ontberinge en sure wederwaardighede. En àl hierdie moeilikhede sal julle slegs te bowe kom as julle geduldig en getrou bymekaar staan en deur ware liefde aangevuur word om mekaar dag en nag met raad en daad te help en te ondersteun. Môre vang Jan sy skape tussen myne uit en dan, dàn begin eers julle lewe, die lewe van die Boesmanlandse trekker. Begin dus, as God julle spaar, hierdie lewe

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

met die gedagte, ons het nie nog tyd vir witbroodsdae nie, want van môre af moet ek, Lenie, al my eiekospotte kook en my eie skermpie uitvee, en ek, Jan, moet al van môre af my eie skapies tel en my eie donkies gaan soek en dan vir my vroutjie 'n paar velskoentjies nog kom maak. Nou wil ek ten slotte nog net sê dat ek julle alle heil en voorspoed toewens op julle toekomstige pad en, liewe kinders, vergeet die Here nooit; as julle aan trek is en 't vreeslike donderweer bars bo julle koppe los, dink dan aan die God wat die wolke en bliksemstrale in toom hou; as julle eensaam en alleen op 'n plek staan en 'n ernstige siekte of dood oorval julle daar, dink dan: In dood en doodse banden, ja, oweral is God. Die Boesmanlander wat sy lewe met God begin en voortsit is veilig onder al die ontberinge en moeilikhede van hierdie ou wêreld."

Kort na die spiets het die jongklomp sommer losgebreek met 'n egte Boesmanlandse gesangetjie, wat hulle meen wat goed by hierdie geleentheid pas:

### *MY EIE OU LAND.*

Al dwing jy my ook na 'n land,
waar melk en heuning éwig vloei,
dan wed ek jou en gee my hand,
ek bly waar ek het opgegroei!
En ek het groot geword, ou broer,
waar Trekkers soms so lekker boer!

Dis in die land van boesmangras,
van velskoen en dikriffel-broek,
van lidjiesbos en ganna-as,

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

van braaivleis, pap en roosterkoek,
van boerseep en van dikpitkers,
van boerbeskuit en velkombers!

Al lok jy my ook oos en wes,
na plekke waar die speenvark loop,
so klaargebraai met vurk en mes,
dan bly ek aan my plaas geknoop;
en my ou plaas, die lê, ou broer,
waar Trekkers soms so bitter boer!

Dis in die land van swoeg en sweet,
van geilsiek, lamsiek brandsiekluis,
van werk en sukkel om te eet,
van trekkerswa en tent as huis,
van droogte, hitte, warrelwind,
van skaap-oppas deur trekkerskind!

Al sleep jy my die wêreld deur,
en bied my al die Kanaäns aan,
my hart kry ek nooit losgeskeur
van die ou werf wat ek op staan,
en hierdie werf, dit is, ou vrind,
waar ek dàn goed dàn sleg dit vind.

Dis in die land van wel en wee,
van nood maar ook van owervloed,
van trek en ronddwaal met ons vee,
van heil en skade, suur en soet,
van wolke met 'n silwerrand,
maar soms ook swart van kant tot kant.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Een ieder nou al daad'lik voel,
aan watter land ek is geheg,
en ken die grond wat ek bedoel?
Wie nog nie weet — verstaan maar sleg,
daar tog die ganse wêreld het
slegs één ou Boesmanland maar net.

Vyf dae nadat Jan met Lenie van Kenhardt afgekom het, moes hulle van Moedverloor af wegtrek, omdat die water daar te min word vir al die kleinvee en „grofgoed". Oom Koos sou nog 'n tydjie daar bly staan, maar Jan en 'n paar ander bure moes maar „val in die wapad". Die watervate en kalbasse word dus gevul, die waens se voorkiste vol kos gepak, die hoenderhokke en pottekaste vasgeknoop, sterk paaltjies dwarsoor die wa-lere, van binne, gelê, waarop die katels met kooigoed moet vasgebind word, terwyl in die ruimte, tussen die katels en buikplanke, allerlei dinge, soos meel, seep, medisyne-trommels, strykysters, die blad van die trektafel met sy oorkruisvoete, wat kan oop- en toevou, tentpenne, ens., gepak word. Op die reëls van die wa kom die veldstoele, die tentmatjies en die nok en staners. Aan die binnesye van die seilkap van die wa word vierkantige, langwerpige en ronde seilsakkies, wat met blommetjies (van groen- en rooi wol gestik) versier is, opgehang. In die sakkies kom die spieëls en kamme, die gare en naalde, die handdoek en „lekker-ruik-sepie", die gesangboek en Bybel en nog baie ander dinge wat 'n mens nodig het. Poeiers vir die gesig en tandeborsels sal 'n mens verniet in hierdie sakkies soek, want die egte ou Boesmanlander ken nie sulke dinge nie.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Tussen hakies nog net dit: Die sakkies, waarin die Bybel- en gesangboeke kom, word altyd die mooiste uitgeblom.

Toe dit klaar was met oplaai, word die donkies nadergebring en een vir een by die regteroor en onderkaak gevat en tuig-toe gebring. Geduldig stap die donkie op hierdie manier tuig-toe, maar altyd met die kop half vooroor gebuig en hou die half toegeknypte oë op die grond gevestig, asof hy maar 'n donker toekoms tegemoet sien, of — baie diep in gedagte versink is.

As die veertien donkies almal klaar opgetuie staan en net wag op die woorde: „Toemaar, vat hom!" begin Jan en Lenie eers van oom Koos en tant Mieta afskeid te neem. Van elkeen se wang rol 'n traan, want, hoewel die Boesmanlander g'n „Tatta, tatta", en „Koedbaai, koedbaai" ken nie, is afskeid neem vir hom altyd iets wat 'n baie teer gevoel onder in sy hart verwek!

Eindelik skree oom Koos en Jan gelyk: „Toemaar, vat hom!" en dáár begin die wiele van Jan se eie wa nou so stadigies vir die eerste maal te rol, terwyl ou ai Spaas hand-in-die-sy staan en kyk en weer op haar vervelige manier begin: „t'kaai dan toggie, t'kaai dan togga; Baas Jan, Nooi Lenie! Duisman-se-kinners; dis bietjie waar, as ek my ou nooi oorlebe, dan gaan ek by hulle bly, t'kaai dan toggies!"

Ses jaar is nou verby dat Jan vir die eerste maal van sy ouers moes vertrek. Hy staan nou op Armoedfontein en hier gaan dit ook letterlik armoedig: Jan se ooie is aan lam en daarby is dit verskriklik droog. Selfs die hamelskape is so maer, dat hulle lyk soos ou

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

harslagsiek ooie van sewe, ag jaar oud! Nou, elke Boer weet, dat as dit alreeds droog is en die skape bly staan van maerte, dat dit ook erg gevaarlik is as daar nog boonop 'n lammeroes op hande is. Want dan smyt alle ooie hulle lammertjies weg, omdat hulle g'n melk het nie en omdat hulle self elke oomblik kan tou-op-gooi en doodgaan. Vandaar dat die Boesmanlander so rond en bont trek om weiveld en water te soek vóór die lammeroes op hande is. Dit gebeur egter soms, dat die hele ou Boesmanland op een kaal, afgebrande en uitgedroogde vlakte lyk, waar niks te ete en niks te drinke is nie. Dan is daar g'n kans om die droogte te ontvlug nie, want trek jy dàn rond met sulke maer skape, om beter veld te soek, dan is daar groot kans dat almal langs die lange en vervelende ou pad bly lê. As 'n boer op so'n manier, en onder sulke omstandighede trek en sy skape begin by hope te vrek met lammertjies en al, dan sê die Boesmanlanders: „Hy het hom vasgetrek." Baie boere het, om beter veld te soek, vir hulle al so vasgetrek en byna uitgeboer. Daarom is Jan vir vastrek byna so bang soos vir sy dood. Hy bly dus maar op Armoedfontein en wag op die lammeroes.

En die lammeroes is nou in volle gang. Elke môre moet hy van twintig tot veertig swaklammerooie uit die trop afkeer en elke môre moet hy en Lenie 'n paar skape afslag, wat die vorige nag dood is. Maar wat nog erger is, elke môre moet hy ook 'n klomp lammertjies, waarvan die moeders bly staan, kop afsny, want melk is daar nie en ook g'n ander kans hoegenaamd, om die stomme diertjies aan lewe te hou nie. Dis een van die treurigste tonele om te sien hoe soms die arme onskuldige ou lammertjies by hope moet kop

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

afgesny word om hulle te red van 'n gestadige hongerdood!

By al die moeilikheid kom nog, dat Lenie se jongste dogtertjie ernstig siek is. Sy het die arme dingetjie al drie purgasies ingegee en 'n hoeveelheid kruie, soos sandbos, bloekom, als, tandjiesblaar, kriesbosblaar en bitterbos, maar niks wil help nie. Die kind bly dag en nag aan hoes en klaag oor pyne in die bors. Sy is al uitgeteer en vergaan. Vir omtrent 'n maand gelede het Jan 'n hotnot — sy skaapwagter — na tant Mieta gestuur om raad te vra. Hy moes solank self die skape oppas en dit het lank geduur, want tante het ver gewoon. Eindelik kom die hotnot met 'n brief, waarin die volgende resep was: „Neem 'n half botteltjie soetolie, 'n eetlepel vol paregorieg, 'n teelepeltjie jamaikagemmer, 'n half botteltjie borsdruppels en meng dit deurmekaar en gooi dit dan in 'n half bottel warm water, waarin 'n knypie epsimsout opgelos is. Gee daarvan vir die kind elke vier uur."

„Ag," sê Jan, nadat hy die resep gelees het, „Ma het glad vergeet om te skrywe hoeveel van die goed ons elke vier uur vir Truidatjie moet ingee, wat help dit nou?"

Lenie egter, weet raad en sê: „My liewe skat, is jy dan so dom? Weet jy dan nie dat die meeste medisynes by eetlepels vol gebruik word nie? Ma meen seker dat ons haar elke vier uur 'n eetlepel vol moet ingee."

„O ja," sê Jan, „dis ook weer waar."

Twee dae, na Truidatjie egter die laaste eetlepel goed (van die mengsel) uitgedrink het, lê sy op sterwe. Jan het al tweemaal die spieël voor haar gesiggie ge-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

hou om te sien of sy nog asem haal. Die ander kindertjies, Koosie, Willempie en Mietatjie, staan met verbleekte en betraande gesiggies by hulle pappie en mammie om die katel geskaar, waarop Truidatjie lê.

Daar is vandag niemand by die ou paar lammerooitjies, wat nog oorgeskiet het nie, want die hotnot pas die gusvee op en Jan kan natuurlik nie van die sterfbed van sy kind weg nie. Die ooitjies sal nie vanaand werf-toe kom nie; die jakkalse sal hulle vannag verjaag en vang. Dit moet die jakkalse maar doen — dit kan nie verhelp word nie....

In Truidatjie se bors kom nou 'n geroggel: die asemhaal word duideliker maar swaarder en onnatuurliker; die ogies gaan oop, maar staan so styf, so lewenloos, so aaklig.... Lenie en haar kindertjies begin bedroef te huil. Jan buig snikkend vooroor, gee Truidatjie 'n laaste soen, slaan toen sy gesangboek oop, en lees hardop:

Roem, Kristen! aan mijn slinke
  En regter zijd' is God;
Waar 'k magtloos nederzinke,
  Of bitter lijd', is God;
Waar troue vriendenhanden
  Niet redden, daar is God;
In dood en doodse banden,
  Ja, overal is God!

Die nag was die klappe van Jan se wa goed styf toegeknoop, want die lykie was daarin....

Die volgende dag slaan Jan die pottekas uitmekaar, want die ander paar kaste se planke was te sleg en te

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

vol kwaste. So teen die namiddag was die kissie klaar, wat hy van die pottekas gemaak het. Hij maak nou in een bord'n klompie swartsel met lynolie aan, om die kissie se deksel swart te verwe.

Solank hy die kissie se deksel swart verwe, voering Lenie die kissie van binne uit met linne; op die hoeke en rande word die linne met saalspykertjies vasgespyker.

Hierdie droewige werk was lank vóór son-onder klaar.

Die ander dag, vóór dag en dou, was Jan op pad — Bitterleegte-toe, waar oom Piet van Zyl woon. Dié is sy naaste buurman. Hy wil oom Piet gaan vertel wat gebeur het en hom meteens vra om die lykrede te kom hou.

In die namiddag van dieselfde dag is Truidatjie se lykie weggebêre onder die dorre sand van Armoedfontein. In die Boesmanland lê baie graffies so eensaam en alleen.

Weer ses jaar is verstryk. Jan staan nou op Omdraaivlei. Toe hy die dag van Armoedfontein af weggetrek het, het hy van die veertienhonderd skape, waarmee hy daar gekom het, nog maar driehonderd oorgehad. Van die dag af tot nou, het hy baie rondgeswerwe en gesukkel. In hierdie ses jaar het baie gebeur: Een nag het 'n rukwind sy tentstaners omgeruk en die tent aan flarde geskeur, en so moes hy en sy familie in die wa vlug. Die anderdag het hulle huisraad daar maar treurig uitgesien, want wind en reën het die nag groot skade gedoen.

In die tyd het hy ook vir oom Koos, sy dierbare

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

vader, verloor. Tant Mieta woon nou, of liewers, trek nou orals met hom saam. Aia Spaas is ook hier en help in die skerm. Omdraaivlei lyk nou soos 'n dorpie, want die ou wêreld is bedek met gras en blomme en hier staan dus nou vyftien tente opgeslaan. Die gousblom, die botterblom, die duifiedoringblom, die bloublom, die t'kwagras, die boesmangras, die blinkaargras, ja àl wat gras en blom en opslag hiet, groei welig en in owervloed. Die vlaktes van Omdraaivlei is uitgedos in die pragtigste kleed wat die ou Natuur kan weef, en hier en daar rank die wilde komkommers en bitterboelas en bitterappeltjies in alle moontlike rigtinge rond, asof dit nog nie sierlik en mooi genoeg lyk nie.

Die seeppotte van die vrouens staan dan ook tot oorlopens vol vet, wat tot seep verkook moet word; die kanne en bekers en bekkens is weer gevul met òf karringmelk òf dikmelk òf soetmelk; die tentpale hang vol met gedroogde springbokbiltonge; die kinders grawe in die grond rond, waaruit hulle pragtige kambros, wat soos groot patats lyk, haal; die vaders verlustig hulle met groot, vet duinpoue te skiet; die moeders maak nou kussings van die sagte pouvere en springbokkleedjies van die pragtige soort bokke se velle. In één woord, die Boesmanland is nou mooi — mooi in die regte sin en die Boesmanlander se hart juig.

Selfs ou ai Spaas klap op haar gewone manier die hande, as sy smôrens so op die trop vrolike, huppelende afrikanerlammers met hulle pragtige gekrulde stertjies kyk. Die lammers hardloop dan sommerso, van pure vrolikheid, weg van die ooie af en spring en dans in 'n ry al langs die walletjies van die uitge-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

spoelde slote en leegtes. „t'Kaai," sê sy dan, „dis bietjie waar, afrikaner-skaap-se-kind, hy's bietjie bly, so op 'n ry, t'kaai, t'kaai!"

So gaan dit met die Boesmanlander: Vandag heerlik en lekker en môre weer treurig en swaar. Die heerlike lewe op Omdraaivlei het dan ook later op 'n end geraak en so moes die Boere maar weer hulle tente afbreek en wegtrek, die een wes, die ander oos.

Jan het sy wa ingespan en koers gevat na Namakwaland. So'n trekker trek nooit verder as van tien tot agtien myl per dag nie. As die waters egter ver uitmekaar is, moet soms lang en vermoeiende skofte afgelê word om die water te bereik. Die trop skape moet dan vroeg, lank vóór die dagbreek, begin te trek. Agter die skape volg dan die grootvee soos beeste, perde en donkies, en dan kom die wa heel agteraan.

Jan moes sulke skofte aflê, want die waters was ver uitmekaar en die veld was erg droog, sodat die skape en ander diere gou dors gekry het. Op 'n goeie middag het Jan die ou rooi Sandduine op die grens tussen Namakwaland en Kenhardt bereik. Toe hy daar kom, was dit só warm, dat mens en dier versmag. Ja, die gloeiende sand brand dwarsdeur die ou dun sooltjies van die touleier se velskoene. Die twee flukse afrikanerhonde, wat so graag die hele wêreld platjag, stap nou met oop bekke en uithangende tonge reg onder die wa, tussen die vier wiele. Die son lyk of hy doodstil staan en niks anders doen as brand, brand, *brand* nie! Ou Gousblom, die beste melkkoei van Jan, se kalf het hom op 'n paar ou t'kwagrasstompies gaan neergooi; ou Gousblom het toen bo-oor die kalf gaan staan èn wil nou die beeswagter omstoot as hy durf

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

naderkom na haar kant toe. Dit lyk ook heel wel of die ander diere wil staak en weier om verder te loop. Jan kon hier egter nie uitspan nie, want sy voormiddag-skof was nog nie op die end nie en ook is die naaste water nog só ver van hier, dat hy, as hy nou hier uitspan, dit nooit vanaand sou bereik nie, en wat word dan van die arme van-dors-versmagtende diere? Maar helaas! dit was só warm, dat dit nòg onmoontliker was om verder te trek, as om halt te hou. Jan moes uitspan.

Die middag sit hy en sy vrou en kindertjies onder die wa koue vleis en brood en eet. Dit was te warm om nog vuur te maak en koffiewater te kook. Anders gebruik die trekker steeds koffie by die middagete. Die honde, die ou trekkerskat, die kalwers, die boklammers, — alles beur onder die wa in. Daar is ook g'n ander skaduwee nie. Tant Mieta lê in die wa. So nou en dan druk sy 'n pluisie of „plukseltjie" van wol, wat sy in asynwater nat maak, in haar kies. Dit is al meer as 'n week dat sy bitter ly aan kiespyn. Ou ai Spaas sit onder die wa se agterstel en is besig om 'n murgbeen op 'n kaalklip te stamp, terwyl sy by elke stamp ook 'n kort woordjie uiter. Dit gaan toe só: Woep, „t'kaai" dan, woep—„toggie," woep—„dis bietjie," woep—„waar" woep—„murgbeen-se-kind," woep—„hy's taai!"

So teen die namiddag begin daar so'n dor noordewindjie te waai, maar soe! dit voel toe of die lug aan brand kan slaan. Dit is hierdie soort windjie wat die Boesmanlandse nôiens se wange so verbrand. Vandaar dat hulle soms op die bloedigste dag met groot kopdoeke, waarmee die gesigte só toegedraai is, dat net die ogies uitkom, rondstap.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Ook Lenie se gesig is nou so bedek. Die Jode maak in die Boesmanland baie geld van — kopdoeke.

Dit was die dag gans te warm om vóór vyfuur (in die namiddag) in te span, en toe het dit nog houthard gegaan om die arme diere aan trek te kry. Natuurlik het hulle die aand die water nie gehaal nie. Die kleinste kalwertjies, die swakste lammertjies, die honde en die hoenders moes uit die groot, groen drinkvat water kry, hoe min dan ook al.

Die volgende dag om tienuur, kom die wagters, die skape, die beeste, die donkies, ja selfs die honde, die puts op Kierie-kierie storm. Maar Kierie-kierie se puts is diep, baie diep en byna àl Jan se rieme moet eers aanmekaar vasgeknoop word en dan aan 'n emmer om daarmee die water uit te trek. Dis nie so maklik om vir so'n klomp dorstige diere en mense op hierdie manier water uit te trek nie. Vandaar die eelte en blare in die hande van die Boesmanlandse trekker. By so'n puts is hy trekker in 'n dubbele sin.

Jan kon maar 'n paar dae op Kierie-kierie staan, want daar was byna niks te vreet vir sy diere nie. 'n Trekker kan nie net water soek nie; hy moet weiveld ook hê. Dit gaan soms hard om altwee dinge op een plek te kry. So was dit in hierdie geval. Jan is van Kierie-kierie na Inkruip en van Inkruip na Kamkammies en van Kamkammies na T'kouganna en van T'kouganna na.... dog genoeg. Die rondtrekkery en rondsoekery na èn water èn veld word eentonig en vervelend. Ek sou graag die man wil sien wat geduldig en gedwee die trekker op al sy togte kan volg sonder om buikvol te word vir al die rondswerwe soos 'n wandelende Jood.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Daar is meer as een Boesmanlander wat kan sê: „Ek is gebore in dié of dié maand toe — my vader aan trek was...."

Op Kamkammies het die Heer vir Jan en Lenie 'n fris seun geskink. Ou ai Spaas abba die liewe Boetatjie, soos sy hom noem, op haar rug en sing vir hom haar ou vervelende „T'kaai-dan-tog" lied. Van die môre tot die aand klink dit:

„Hy kan pap al eet — t'kaai;
Hy kan braaivleis eet — t'kaai;
Hy kan Mame soen;
Hy kan alles doen;
Hy's die man,
Wat alles kan — t'kaai, t'kaai!"

Hierdie liewe Boetatjie was al een jaar en nege maande oud toe sy vader vir die eerste maal die kans kry om hom na Kenhardt te bring om gedoop te word.

Ons het 'n klomp plaasname oorgeslaan, want toe ons by die naam „T'kouganna" kom, was dit al eentonig genoeg, en wou ons dus nie verder opnoem nie.

Ons slaan nou weer 'n heel stuk uit die lewe van Jan oor en ontmoet hom nou in sy ag-en-sestigste jaar weer op Moedverloor, die ou plaas wat hy van sy vader geërwe het.

Moedverloor is die Machpela van die Lubbe-famielie. Daar lê begrawe ou oorlede oom Jan Lubbe, die grootvader van Jan en daar lê ook oom Koos Lubbe, die vader van Jan. Hier is ook tant Mieta, omtrent tien jaar gelede, langs haar ou man neergelê en hier wil Jan en Lenie ook begrawe wees.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Jan se kinders is al almal getroud en op hulle bruilofte het Jan hulle vertel wat sy vader vir hom op sy bruilof gesê het en daarby gevoeg, dat die ondervinding hom geleer het dat sy vader waarheid gepraat het.

Sy drie seuns, Kosie, Willempie en Boetatjie is flukse Boere en — baie bang vir „vastrek".

Hulle trek darem orals rond, want dit moet. Maar Jan en Lenie sal nie meer vir Moedverloor verlaat nie, want hulle wag nou op die end van hulle aardse reis met die vaste hoop, om dan te verhuis na die Land, waar die trekker nie meer behoef te trek nie. Ook is hulle al sat en uitgeput en dood sieklik van al die rondtrek, want in die laaste tyd het hulle baie meer moeilikhede beleef as wat ons beskrywe het.

Op een van sy laaste swerftogte het Jan een nag in die veld, waar hy donkies gesoek het, natgereent en dit het hom groot kwaad gedoen. Van die tyd af was hy meer siek as gesond. Sinkings, jig en slegte maag — alles het bygedra om die gestel van die eenmaal sterk Boesmanlander geheel te ondermyn. Met Lenie was dit nie beter gestel nie. Jan het nou al sy aardse besittinge onder sy kinders verdeel. Die veld van Moedverloor is darem instaat om die slagvee, wat Jan vir hom uitgehou het, dwarsdeur die jaar aan lewe te hou.

Twee van sy kleinkinders bly nou by die oumense.

Ou ai Spaas lewe ook nog. Sy moet baie oud wees, maar hoe oud, weet sy self nie. Sy sê: „Ekke-ou; dis bietjie waar, kan nie doodgaan nie, voor baas Jan en nooi Lenie nie, want ekke moet mos eers hulle oë toedruk, dan kan ekke-ou ook maar laat vat — anner Land-toe."

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

III.

## 'n Onderveldse Basaar.

Daar het 'n groot skuld op die pas geboude kerk van die dorpie N. gerus en so het die predikant en sy ouderlinge betyds rondgegaan onder die gemeente om al die mense aan te moedig om na die aanstaande kerkbasaar te kom en om natuurlik ook geld, diere en ander artiekels soos seep, rieme, ens., vir die basaar te versamel.

Maar wat die Ondervelders nog meer aangemoedig het om veel te gee vir die basaar en om self daarheen te gaan, was die deurdringende en pragtige reëns, wat pas oor die ou dor land geval het. Die veld was nou bedek met gras en blomme, die diere was vet, die velle, die wol en skape goed op prys en dus was die Boere blyer, opgeruimder en goedgesinder as ooit.

In die ou Onderveld, veral in seker dele van Calvinia, Kenhardt, Springbok en Nieuwoudtville, gebeur dit ook maar selde dat 'n mens die kans kry om konserte, basaars of plekke van vermaak te gaan besoek. Dus as daar kans is, en dit is 'n mooi jaar, gaan klein en groot en oud en jonk na die naaste dorp om fees te vier of om tog weer iets nuuts te sien en te hoor.

Met die allerbeste wil van die wêreld het die Onder-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

velders dan ook nou klaargemaak om na die basaar en Nagmaal op die dorpie N. te gaan.

Reeds twee dae vóór die basaar kom die os- en donkiewaens dan ook al „aangerol" op N.

Spoedig is al die trekdiere uitgespan en in kampe, waar soet-gousblom, haasgras en gansogies welig groei, geja. Spoedig ook verrys die een tent na die ander en in één oomblik lyk dit of 'n towergodin met haar towerstaf oor die ou klein dorpie geswaai het en dit verander het in 'n groot, bloeiende en ryk bevolkte plek.

Voor 'n paar tente sit nou 'n klomp ooms lekker en gesels met groot kromsteel-pype in die monde.

Die tantes is druk besig om die wors en „tesaalvleis" buite aan die tentpale op te hang om lug te kry.

Die jongklomp — nôiens en jonkmans — is min of meer almal in die winkels besig om linte, hoede, lekkergoed, borsspeldjies en ander kleinighede te koop. Een van die jonkmans wil self iets koop om sy „moestas" so „bietjie aan te klam", soos hy dit uitdruk. Hy stap dus nader na die toonbank en roep: „Haait, Mr. Jood! Het jy nie van die pap witgoed, wat hulle kosmetting noem en wat 'n mens aan jou snorbaard smeer nie?" Die Jood lag en sê: „Ja seker Miester, ek sal dat vir Miester goedkoop maak." Spoedig was die „kosmetting" gekoop en toe rondgedeel onder die jonkmans, want almal wil nou graag hulle snorbaarde „bietjie aanklam".

Die kopery sou seker nog langer geduur het, maar toe kom oom Koos Wiese daar en sê aan die jongklomp: „Kyk hier, my liewe jong vriende, julle moet tog spaarsaam werk met julle geld en genoeg oorhou

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

vir die basaar; dink tog daaraan: die opbrengs van die basaar is vir ons dierbare kerk. Onthou dit, want dis die waarheid; ek is al jarelank ouderling en ek weet wat ek praat."

Die jongmense het groot respek vir ouderlinge, veral vir oom Koos, en so het hulle dan ook gou die winkel verlaat.

Oral op die strate kuier die jonkmans nou rond, elkeen op die uitkyk na 'n nôi of „maat om mee te gesels" soos hulle 'n jong dame noem.

Op 'n hoek van 'n huis staan 'n klomp vir klein Jannie Vetman en spot om hy nog nie 'n „maat om mee te gesels" het nie. As antwoord op die spotterny begin Vetman te sing:

„Hier wil ek nie bly nie,
Want hier is niks van my nie;
Na Saartjie sal ek gaan nou,
Dit moet jul goed verstaan nou;
By haar kan ek maar bly nou."

Nou klap almal die hande en wil net weet wie en waar Saartjie is. Hierop begin Vetman weer te sing:

„Ek pollies my beste skoene,
Gaan steel dan honderd soene,
Vanaand by Saartjie Kriel,
Die trooster van my siel...."

Vóór Vetman verder kan sing, was oom Koos weer daar en sê: „Foei tog, my liewe jong vriende, waarom tog só luidrugtig; dink tog daaraan, ons het hierheen

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

gekom om...." Maar vóór oom Koos weer op sy beurt verder kon praat, het die jongklomp laat „trap in die yster", sê Vetman en laat „sny die rieme", sê Pietertjie Vermeul, sodat arm oom Koos alleen staan by die hoek van die huis.

So'n basaar word in die Onderveld met blydskap tegemoetgesien. Almal lag dan nou ook en toe die klok lui as teken dat die basaar sou geopen word, roep oom Jakob Langjan uit: „Komaan boeties, komaan susters; daar bim-bam die klok, kom koop en verkoop, kom gee uit en betaal, kom eet en kom drink; vir almal is hier iets te doen."

Spoedig was honderde van mense voor die kerk by die groot gespande bokwaseile, waar die predikant op 'n kas klim, 'n paar woorde praat en toe verklaar, dat die basaar sou aangaan.

Dit was genoeg vir die mense. Dit lyk of daar nou nuwe lewe in iedereen gekom het. Die tantes, oud en jonk, spring die basaartafels by en begin te verkoop koek, koffie, tee, koeldranke, konfyt, naaldewerk, poppe en baie ander dinge, dat dit wel lyk of hulle 'n klomp Jodinne was.

Die ooms en 'n menigte ander mense soos handelaars, Jode, spekuleerders, ens., vorm een groot sirkel rondom 'n afslaer, wat juis begin om die basaarvee, skape, bokke, beeste en donkies op te veil. Die Boere het afspraak gemaak om nie toe te laat dat die Jode en ander mense die vee sommerso goedkoop moet kry nie en dus het hulle die goed opgeja tot ver bo die waarde van die diere. 'n Skaaphans, 'n groot spekvet afrikanerhamel, het oom Jakob Langjan gekoop vir £5.17 s. 6 d., maar die oubaas het die hamel toe op die plek weer

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

present gegee aan die basaar en so is die pragtige skaap maar weer opgeveil en het maar weer 'n hele boel geld gekos, maar die twede koper van die dier het hom ook weer present gegee en so het dit aangehou tot die hans later die som van £ 37..15 s. opgebring het. Baie diere is die dag op hierdie manier verkoop.

Maar dit was nie al nie. Daar was ook knopkieries, haakkieries, swepe, karwatse, osrieme, groukat-komberse, jakkals-komberse, blinkhaar-afrikanerskaap-komberse, groot stene boerseep, stoelkussings van alle soorte en nog veel meer, te veel om op te noem. En al hierdie goed word nou met alle erns verkoop.

Ou oom Dirk, „Jollyman", soos hulle hom in die wandeling noem, kyk dan hier, dan daar en roep sodat almal hom kan hoor: „Vriende, kyk tog rond of hier nie dalkies harige velhandskoene te koop is nie; my ou vrou het tuis gebly by ons boerdery, op voorwaarde dat ek tog vir haar 'n paar harige-velhandskoene moet meebring." Daarop trek 'n skamerige dametjie aan haar broer se baadjie en sê aan hom: „Broer Theunis, roep vir oom Jollyman hiernatoe; hierdie handskoene kan hy koop." Ou Jollyman was in die derde hemel van blydskap oor die handskoene. „Ag," sê hy, „dis tog lekker warm goeters; met hulle gaan ek my ou vrou nou sommer jolly maak." Daarop sê ou dik tant Hessie Krapool: „Ja waarlikkies, neef Jollyman, nou dat jy so praat, kry ek die gedagte dat ek weer vir my ou kindertjies, wat tuis gebly het, mondfluite beloof het, want soos hulle darem oor musiek is, het ek nog nooit gesien nie; daardie Mietakind van my, kyk dis waar, soos sy darem kan mondfluitjie blaas het ek nog nooit gehoor nie." Met behulp van oom Jollyman

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

het tant Hessie spoedig ses mondfluite in die hande.

Die nôiens loop in alle rigtinge rond met blomme om dié aan jonkmans te steek, waarvoor ieder koper dan sy trippens of sikspens moet stoot.

Ou tant Kaaitjie van Doringdraai gooi selfs heuningbier in die hoed van 'n ou Hotnot, om die outa nie 'n ander „holdingetjie" het nie. Hy moes een sieling en sikspens betaal, want dit was waarlik een flukse dop.

Vetman het vir tien sielings mosbolletjies gekoop en daarby soveel ander koek, dat hy vir Willem Koffiekan moes vra om hom die koek te help dra, waarop Willem antwoord: „Ai man, die koek sal tog alte lekker by koffie smaak; koop nou net koffie, dan eet ons alles op." Daarop roep Pietertjie Vermeul ewe hard uit: „Nee, daardie klomp koek kan julle nie opeet nie of julle moet eers, elke man, 'n paar sterk staal hoepels om sy maag laat trek." Vetman neem nou 'n ernstige houding aan, steek sy vuis kastig voor Vermeul se neus en sê:

„Vermeul, ruik hier en pas nou op, of ek trek hoepels om jou klapperdop."

'n Skaterlag van die jongklomp volg hierop. In 'n oomblik was oom Koos daar en sê: „My liewe jong vriende, dis waarlik fluks van julle om soveel te koop, maar moet tog nie so uitskater van lag nie; dink tog net daaraan: ons staan op kerkgebied; ek is al jarelank...." Verder was dit nie nodig vir die oubaas om te praat nie, want al die jongmense het al hulle „rieme gesny" van daardie plek af.

Ou Langjan stap nou met 'n mooi geklede pop en 'n pragtige bruidskoek rond om mense te soek wat daarop wil lote uitneem, terwyl die ou uitroep:

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

„Kom boeties, kom sussies,
  neem lote nou uit:
Die koek en die pop
  is 'n heerlike buit,
Die man, kind of vrou,
  Wat sê: ek neem drie of
  vier lote nou uit,
Sal dit nimmer berou."

Oom Langjan kan net so goed pleit as enige handelaar en binne kort het hy dan ook 'n paar honderd name van mense wat lote op die pop en bruidskoek geneem het. Sy twee broeksakke was tot oorlopens vol geld gestop, wat hy nou aan die kerkraad kom oorhandig.

'n Mens kan sommer aan die gesigte van die kerkraadslede sien dat hier vandag baie geld gemaak is.

Toe die son wil ondergaan, kom 'n bont massa van mense na die tente: Die basaar is afgeloop en elkeen is vermoeid. 'n Klomp nôiens is heel voor en ieder het wat te vertel aan 'n ander van hoeveel geld sy gemaak het en aan watter jonkmans sy boekette of blomruikers gesteek het. Klein nig Lenie weet selfs te vertel dat dit vir haar lyk of „die ding" tussen Vetman en Saartjie Kriel glad uit is, „want," sê sy, „Vetman het baie met my en sus Kotie gelol en gepraat, maar nooit eenslag eens na Saartjie gekyk nie." „O ja," antwoord 'n lang skraal nôientjie, „ek weet daarvan meer te vertel, maar ek sal maar liewers stilbly, want sny jy jou neus dan skend jy jou aangesig en van storie kom storie." Nou wil almal weet wat sy dan te vertel het, maar die ou skraal dametjie slaan net haar ogies so geheim-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

sinnig op en herhaal: „nee, want van storie kom storie."

Sondagnamiddag klink dit van die preekstoel: „Ja, Geliefde Toehoorders, ons het waarlik veel stof tot danke, want ons is ryklik geseën: Die opbrings van die basaar is groot genoeg om die hele kerkskuld te dek; ook is daar nog driehonderd pond kontant oor, om in die kas gestort te word...."

Blydskap is nou op ieder se gelaat te lees. Staande word nou uit volle bors gesing: „Prijs den Heer met blijde galmen."

Die ongerekendste vreemdeling kan nie help om die namiddag saam met die gemeente bly te voel nie.

Die volgende Maandagmôre, om tienuur, was byna die laaste tente weer opgerol en op die wa gepak.

Oom Koos, wat op die dorpie woon, kom nou die mense by elke wa groet en by elke wa was dit ook dieselfde ou storie: „My liewe vriende, gaan tog met dankbare harte na julle huis; dink tog daaraan: die kerkskuld is afbetaal; ek is al jarelank ouderling, maar so bly as ek vandag voel, was ek nog nooit nie."

Daarop antwoord oom Jakob Langjan: „Ja, oubroer, ek is ook al jarelank 'n mens, maar verder sê ek niks: my dankbaarheid is te groot."

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

## IV.

## 'n Rou Kaapnaartjie in Boesmanland.

„O, ek het my al siek gelag, ja regtig byna kapot gelag. Maar ek sal nog baie meer moet lag en ek vrees ek sal my nog dalkies morsdood lag. Dit kan ook nie anders nie, want daardie rou Kaapnaartjie is die snaakste en koddigste vent van die wêreld. Reeds die eerste dag toe die ou rou Kaapnaartjie hier in Boesmanland kom, het hy selfs vir ou kwaai Piet Bittergal, wat ek nog nooit vantevore sien lag het nie eers so binnensmonds laat gie-gie-gie, kort daarna so bietjie harder laat gugu-guu, maar weer 'n bietjie later sommer hardop laat uitbars in 'n harde haa-gag-gaa! By die tyd wat ou Bittergal so hardop aan lag geraak het, het ekke-ou al geskud en geskree dat my trane so rol van lag, lag, lag. Ek kon dit nie help nie; die rou Kaapnaartjie is nou darem te snaaks. Jy, boetie Sarel, sal dalkies dink ek maak dit so bietjie te erg, maar as jy net saam met my na Omdraaivlei wil gaan, waar die snaakse ventjie nou is, sal ek jou, boetie Sarel, gou oortuig dat ek nou sommer die pure waarheid praat." „Nou wat het die rou Kaapnaartjie dan hier in die Boesmanland kom maak?" vra boetie Sarel. „Wel, sy pa is 'n oskoper en het hom saamgebring; sy pa het nou

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

veld op Omdraaivlei gehuur om sy osse eers spekvet te laat word en so hou hy en sy seun — die snaakse vent — nou eers lênes, want werk het hulle mos nie."
„O so," sê boetie Sarel en vervolg: „nouja, ek kan nou ongelukkig nie saam na Omdraaivlei gaan nie en so moet jy my maar alles van die rou Kaapnaartjie vertel."

„Ai, dis regtig jammer, want ekke-ou is mos maar 'n baie swak verteller, maar waar 'n wil is, is 'n weg — en dus sal ek dan maar moet spring in die ding en begin." (Hier maak die verteller nou eers sy keel skoon, trek so'n paar lang „skuifies" om te sien of sy pyp nog goed brand, steek sy hande toe diep in die broeksakke en gaan wydsbeen reg voor boetie Sarel staan.)

„Nou kyk," begin hy, „net die eerste dag wat hy by ons kom, moes ek hom aan die ou jongnôi, ou lang Sannie Voete, voorstel, en skaars het ek dit gedoen, of hy maak so'n komieke buigie, draai sy regterhand in die vorm van 'n volstruisnek en gryp toe haar hand net soos 'n volstruis 'n beentjie met die bek sal gryp; toe gee hy haar hand so'n rukkie en 'n drukkie en sê: ‚maar kyk, Mejuffrou, jy het darem mooi groot geword van ek jou laas gesien het.'

Ou lang Sannie sit toe so'n onnosele gesig op, (want hulle twee het mos mekaar nooit vantevore gesien nie) dat dit vir my gesmaak het of die mense my van alle kante kielie. Maar ek sou nog meer lag, want kort na die introduksie nooi ek hom uit om saam na die lammerooitjies te gaan. Nou jy, boetie Sarel ken mos vir Lagter en Spogter en jy weet mos self dat dit twee honde is wat nou sommer kortspeel met enige onge-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

dierte? Nouja, jy moet weet, ou boetie, dat ek baie verwonder was toe ons by die ooitjies kom en die twee honde tjouf-tjouf en tjaf-tjaf daar al in 'n yslike, tamaai-groot taaibos sonder om egter die ding — wat dit ook al mag wees — aan te pak soos ek hulle ken. Half vererg sê ek aan Sitnie, die rou Kaapnaartjie, ‚kom ou boet, ons gaan kyk wat Lagter en Spogter daar in die bos het.' Gou was ons daar en toe sien ek waarom die honde die ding nie kon pak nie: Dit was 'n ystervark, maar hy het sy kop en voorlyf in 'n gat, wat 'n erdvark so'n klein endjie in die grond gegrawe het, gesteek; nou kom net sy agterlyf, wat met regopgestrekte penne bedek is, bo-uit. Natuurlik kon Lagter en Spogter toe niks maak nie as om net al rondom die klomp regopstaande ystervarkpenne te tjouf en te tjaf, want die kop van die skelm kan hulle mos nie bykom nie en om nou sommer binne in die penne te spring, a-nee-a, daarvoor was hulle darem bietjies te slim. Nou, boetie Sarel weet mos,ou swerwers en trekkers het mos vir alles op die wêreld raad, maar voor ek met my plan kon voor die dag kom, gaan die rou Kaapnaartjie reg voor die ystervark, vooroor gebuig met sy hande op sy knieë, staan en roep ewe bedaard uit: ‚Baai jouf, baai jouf!' Wat dit beteken weet nugter, want dis mos Engels, maar die Kaapnaartjie het dit op so'n manier gedoen kompleet net asof hy ook 'n hond is wat in woede staan te blaf en ek dink ook dat elke ou Kaapnaartjie stellig so blaf as hy iets wonderliks aanskou.

Onder deur die digte taaibos was 'n groot opening en ek het sommer geweet dat die ystervark, net sodra ek hom skrikmaak, daar deur die opening sal spring

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

en daarom sê ek toe aan Sitnie, wat nog altyd aan blaf was, ,ou boet, vat hierdie stok en gaan daar anderkant die bos reg voor die opening staan.' ,Baai jouf, maar kyk dis sports,' roep hy weer uit. ,Nee ou boet,' sê ekke-ou, ,dis nie sporte nie, dis 'n stok waarmee jy die ystervark reg voor die kop moet slaan as hy jou kant-toe kom.' Gretig gryp hy nou die stok en wip om die bos. Ek vat toe 'n lang, krom taaibosstok en beur die bo-oor die ystervark se lyf om sy kop by te kom. Nou, boetie Sarel weet mos dat die speldkussing van die diere g'n bogtery aan sy kop verdra nie en skaars was die stok dan ook net so'n klein endjie in die gat, of daar spring ons maat uit en kies die opening nog voor die honde hom aan sy ou papsafte koppie kon pak. Opeens hoor ek 'n harde gil. Dit was die rou Kaapnaartjie. ,Hü-iert!' skree hy eers en kerm toe: ,Ou maai, ou maai, ou maai!' In 'n kits gooi ekke-ou my toe daar om die bos en — daar lê die ystervark, wat Lagter en Spogter die kop al van afgeruk het, en omtrent vier tree daarvandaan sit die stomme ou Kaapnaartjie op sy hurke met sy kop diep in 'n kraalbossie gesteek en sy arms na agterkanttoe uitgestrek met die vingers wyd vanmekaar gerek, net asof hy hom van agter nog teen iets vreesliks vir laas wil beskerm!

Maar boetie Sarel, boetie Sarel, kyk toe smaak dit darem vir my of ek kan gerus doodgaan van lag; ja, by elke slag wat hy toe nog altyd ,baai jouf' blaf en ,ou maai' kerm, voel dit vir my regtig toe of ekke-ou nou waarlikkies doodgekielie word. Half kapot van lag stap ek toe later na hom en sê: ,Hier jou papbroek, waar is jou sporte nou? Staan op en laat ons loop.'

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

,Ou men, antwoord hy, ,ek kan nie loop nie, want ek het wydsbeen voor die opening gestaan en toe het die rotten tieng tussen my bene deur gespring en my boud afgesteek!' ,Jy is gek,' sê ekke-ou, ,dis nie rotting nie, dis 'n ystervark, hoor; maar draai om dat ek kan sien of hy jou eens raak gesteek het?' Hy draai hom toe so stadiggies om, kompleet asof sy been waarlik af is, en ja, by-my-siks, daar steek 'n dik pen net 'n paar duim bo-kant sy knie. Ek trek hom toe uit en vind dat hy skaars deur die vel van die Kaapnaartjie gegaan het. Na lank gesukkel het ek hom oortuig dat sy been glad nie af was nie en toe spring en dans hy sommer so van puur lekkerlyf, 'n paar maal om die kraalbossie en skree: ,Ou maai, maar dit was darem 'n nerrou eskeip! Hier die kraalbos sal nou my memourieal wees waar ek die dood in die oë moes kyk!' ,Man, wat praat jy nou?' vra ekke-ou. ,Nee,' antwoord hy, ,ek sê sommer dat ek hier 'n noue ontkoming gehad het en dat hierdie kraalbos my, solank ek leef, daaraan moet herinner.' ,En as die kraalbos nou dalkies gou dood en jy is in die Kaap?' vra ekke-ou weer. ,Ou men,' antwoord hy weer, ,al is die kraalbos ook tot stof vergaan en al is ek ook twee miljoen myl anderkant Jericho, dan sal ek nog altyd hierdie kraalbos duidelik voor my oë sien.' Toe moes ek weer uitbars van lag, want dit was vir my te snaaks dat die stomme skepseltjie so van 'n miertjie 'n olifant kon maak.

Toe stap ons na die dooi ystervark, maar toe moes boetie Sarel nou kon sien hoe verwonder en verbaas die arme Sitnie was oor alles wat hy raaksien; die holpypies aan die stert van die vark, die lang, dun penne,

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

die dik penne, die boskuif, die geriffelde rugvel, die naeltjies, pote, die ou plat neusie, die ou koeëlronde ogies, ja oor alles verwonder hy hom en by elke ding wat hy bekyk roep hy uit: ‚Baai jouf, baai jouf,' en skud dan sy kop heen en weer, net asof hy die grootste wysgeer is, wat die wonderlikste ontdekking van die wêreld nou aan maak is. Wel, ek moes toe geduldig wag tot hy die laaste pen uit die vark getrek het om saam te neem, want hy sê hy wil daarvan 'n mandjie laat maak.

Kort daarna keer Lagter en Spogter 'n klaasneus in 'n blomkoolbossie vas en vir die aardigheid vang ek hom toe in my hoed. ‚O aardetjie, en wat is dit hierdie met so'n verskriklike lang, dun neusie?' vra die onnosele Sitnie my. ‚Ou boet,' sê ek, ‚dis sommer 'n soort veldmuisie.' ‚Baai jouf,' roep hy weer uit en gryp die klaasneus aan die stert om hom nader te bekyk, maar op dieselfde oomblik gryp die klaasneus hom weer aan die duim met sy skerp, krom voortande, maar boetie Sarel, boetie Sarel, toe was dit darem die snaakste affêre, wat ek al ooit in my lewe gesien het.

Boetie Sarel weet mos, 'n klaasneus moet jy net juis die keelstrot vir 'n goeie halfuur indruk, vóór hy sy vasbyt-plek los? Nouja, die rou Kaapnaartjie het dit mos nie geweet nie en hy trippel dus eers linksom en toe weer regsom, en toe spring hy weer 'n paar maal regop in die lug en toe skuur hy weer sy hand op die grond, maar nee, klaasneus het nou eenmaal ystertande in rouvleis geslaan en loskom is min. Ten einde raad, vlieg die stomme mannetjie na die honde, steek die hand wat klaasneusie aan hang, vorentoe en skree: ‚Toe Lagter, Spogter, kets hom, kets hom, saa, ou maai,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011